

# Randhart Rakkertjies

# Inligtingsgids 2026

## LAERSKOOL RANDHART

## RANDHART RAKKERTJIES: INLIGTINGSGIDS 2026

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Voorwoord | 3 |
| 2. | Missie | 3 |
| 3. | Toelatingsbeleid | 3 |
| 4. | Personeel | 3 |
| 5. | Gedragskode vir kleuters | 4 |
| 6. | Dissipline van die kleuters | 4 |
| 7. | Swak dissipline | 4 |
| 8. | Skoolbenodigdhede en skryfbehoeftes | 4 |
| 9. | Beserings | 5 |
| 10. | Siekte en medikasie | 5 |
| 11. | Wat bied Rakkers aan? | 6 |
| 12. | Algemene inligting | 6 |
| 13. | Snoepie en kosblikke | 6 |
| 14. | Kommunikasie | 7 |
| 15. | Rakkersdrag | 7 |
| 16. | Verjaarsdae | 8 |
| 17. | Fondsinsameling | 8 |
| 18. | Rugby en netbal | 8 |
| 19. | Foto's | 8 |
| 20. | Meneer en Mejuffrou Rantie Petite | 8 |
| 21. | Speelgoed en juwele | 8 |
| 22. | Telefoonoproepe en boodskappe | 9 |
| 23. | Skoolverlaters | 9 |
| 24. | Skoolgelde | 9 |
| 25. | Instappies | 10 |
| 26. | Eisteddfod | 10 |
| 27. | Interne terapeute | 11 |
| 28. | Buitemuurse aktiwiteite | 11 |
| 29. | Kinetix-program | 12 |
| 30. | Onderrig in temas | 12 |

**LAERSKOOL RANDHART**

**RANDHART RAKKERTJIES: INLIGTINGSGIDS 2026**

## 1. VOORWOORD

Baie welkom aan alle Rakkertjies en ouers wat nie voorheen ’n verbintenis met Randhart Rakkertjies gehad het nie, asook oud-Rakkertjies wat weer die tradisie voortsit. Ons vertrou dat alle kleuters gemaklik by die Laerskool Randhart Rakkers-familie sal inskakel. Mag die jare wat u deel van ons familie is, werklik vir u en u kleuter ’n onvergeetlike ervaring wees.

Randhart Rakkertjies is ’n Afrikaanse pre-primêre skool wat deel vorm van Laerskool Randhart en geleë is op Laerskool Randhart se terrein. Kwartale en vakansies is in ooreenstemming met dié van die laerskool. Gekwalifiseerde personeel onderneem en streef daarna om net die beste onderrig vir die kleuter te bied. Die KABV-kurrikulum (soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys) word vir graad R gevolg.

## 2. MISSIE

- Om kleuters in ’n genotvolle, veilige en vriendelike omgewing te ontvang en te onderrig.
- Om kleuters in totaliteit op alle terreine te ontwikkel.
- Om kleuters met sterk morele waardes wat karakter bou te bemagtig.
- Om maklike oorskakeling na graad 1 te verseker weens die noue samewerking met Laerskool Randhart.

## 3. TOELATINGSBELEID

1. Kleuters vanaf 3 (jaar waarin hul 4 word) tot 6 jaar word toegelaat. Geen boeties, sussies of maats kan kom kuier nie.
2. Kleuters se immunisering moet op datum wees.
3. Kleuters moet Afrikaans kan praat en verstaan.
4. Kleuters wat graad R herhaal, moet die nodige verslae saam met die inskrywingsvorm inhandig, nl.
    - ’n Skoolgereedheidstoets deur ’n opvoedkundige sielkundige is ’n vereiste.
    - Terapeut se verslag wat terapie as deel van graad R-herhaling staaf.
    - Afskrif van die toestemmingsbrief gerig aan die Departement van Onderwys wat staaf dat die kleuter graad R mag herhaal.

## 4. PERSONEEL

- Rakkerskantoor - Suritha Prevoo

- Graad RRR - Christa Erasmus (Bytjie)
  - Michelle van der Walt (Koala)

- Graad RR - Shouniez Duffey (Krappie)
  - Marisa Fick (Zebra)
  - Elaine Koelmans (Eendjie)

- Graad R - Chanéll Delport (Skapie)
  - Geraldine van Rooyen (Leeutjie)
  - Sarita Kleynhans (Pikkewyn)
  - Lizé van der Merwe (Sonneblom)
  - Chantél Prince (Vissie)

- Assistente - Mari van den Berg (Bytjie)
  - Chanelle Ludick (Skapie)
  - Mikayla Lubbe (Leeutjie)

## 5. GEDRAGSKODE VIR KLEUTERS

Ons kleuters word uit die staanspoor deur onderwyseresse, ouers of voogde aangemoedig om:

- te luister as die onderwyseres die eerste keer praat.
- hulle daarvan te weerhou om in te meng of steurend teenoor mede-kleuters op te tree.
- Afrikaans, wat die taal van onderrig en leer is, korrek en suiwer te praat.
- respekvol teenoor onderwyseresse en mede-kleuters op te tree.
- self-dissipline, verdraagsaamheid en geduld te ontwikkel.
- geen vloekwoorde of krutaal teenoor onderwyseresse en maats te gebruik nie.

## 6. DISSIPLINE VAN DIE KLEUTERS

- Positiewe aansporingstrategieë is in plek om kleuters aan te moedig om optimaal op hul verwagte vlakke van prestasie te funksioneer.
- Die skool maak by uitstek staat op die samewerking van alle ouers of voogde om die nodige gedragsbeheer en gedragwysigings, waar nodig, te implementeer en te handhaaf.
- Duidelike grense en verwagtinge ten opsigte van die handhawing van dissipline is in plek waarvoor geen uitsondering gemaak sal word nie.

## 7. SWAK DISSIPLINE

- In die geval waar ’n kleuter hom- of haarself skuldig maak aan swak dissipline of enige gedrag teenstrydig met die verwagtinge geskep in hierdie gedragskode, sal die betrokke kleuter berispe word en die aangeleentheid met die ouer of voog bespreek word.
- Indien teenstrydige gedrag voortduur of die optrede herhaal word, sal die klasonderwyseres of Rakkertjies se bestuurshoof met die betrokke ouers of voogde in verbinding tree. ’n Afspraak sal geskeduleer word, waartydens toepaslike planne en aksies bespreek en geïmplementeer sal word.

## 8. SKOOLBENODIGDHEDE EN SKRYFBEHOEFTES

U het reeds die lys van benodigdhede ontvang wat u as ouers self vir elke kleuter moet aankoop. Dit moet op die eerste skooldag saamgebring word skool toe. Vir u gerief gee ons dit weer deur.

- 1 pakkie gemengde pleisters **(Elastoplast materiaal een)**
- 2 pakkies *wetwipes*
- 2 bokse snesies (*tissues)*
- 1 houer vloeibare drukseep
- 2 x 40 gram Pritt stokkies (graad RR en -RRR)
- 3 x 40 gram Pritt stokkies (graad R)
- 20 x swart sakke

Graad R-kleuters moet ook een groot, dik inkleurboek saambring. Merk asseblief die boek duidelik met u kleuter se naam en van.

Ons vra ook vir elke klassie om die volgende as skenking vir die skool saam te bring.

| | | |
|---|---|---|
| Vissie-klas | - | Pakkie plastiekdiere |
| Leeutjie-klas | - | Karretjies |
| Pikkewyn-klas | - | Karretjies |
| Skapie-klas | - | Legkaarte (24 – 48 stuk) |
| Sonneblom-klas | - | Legkaarte (24 – 48 stuk) |
| Bytjie-klas | - | Hout-legkaarte |
| Koala-klas | - | Hout-legkaarte |
| Eendjie-klas | - | Hoepels |
| Krappie-klas | - | Stewige sokkerballe |
| Zebra-klas | - | Dik inkleurboek |

Die graad R-skryfbehoeftepakket is slegs van toepassing op die graad R-kleuters en sluit die volgende in:

- Kwartaal 1 tot 4 se werksboeke
- Twee skrifte wat u self moet oortrek
- ’n Denimpennesakkie waarop u kleuter se naam gedruk word
- Een pakkie uitdraaikryte
- Een skêr
- Een uitveër
- Twee grys potlode

## 9. <u>BESERINGS</u>

- Die onderwyseresse sal na die beste van hul vermoë verseker dat alle kleuters veilig is.
- Die nodige noodhulp sal aan enige kleuter verskaf word in die geval van geringe beserings, bv. alledaagse stampe, skrape en stote.
- Ouers sal so gou moontlik van enige beserings en/of insidente in kennis gestel word waar dit van ’n meer ernstige aard blyk te wees.

## 10. SIEKTE EN MEDIKASIE

- 'n Kleuter wat ooglopend siek is, moet asseblief tuis bly.
- Indien 'n kleuter tydens skoolure siek word, sal die betrokke ouer(s) of voog(de) dadelik geskakel word om die kleuter by die skool te kom afhaal.
- Geen medikasie mag in enige kleuter se tas gepak word vir die doeleindes van self-toediening deur die betrokke kleuter nie.
- Geen medikasie sal aan kleuters toegedien word, sonder die skriftelike toestemming van die ouers nie. Die medikasie, 'n briefie met toedieningsinstruksies asook tyd van toediening moet persoonlik aan die kleuter se onderwyseres gegee word.

## 11. WAT BIED RAKKERS AAN?

- Kinetix (liggaamlike opvoeding) wat deel van die kurrikulum vorm
- Buitemuurse aktiwiteite
- Instappies
- Konsertdeelname vir alle kleuters
- Gradeplegtigheid vir die graad R-kleuters
- Eisteddfod
- Sportkondisionering
- Terapeute

## 12. ALGEMENE INLIGTING

- Rakkers se kantoorure (07:30 – 13:45)
- Skoolure (07:00 – 13:45)
  Indien u die kleuter vroeër by die skool kom haal, moet u asseblief die register by Moses (hekwag) voltooi.
- Kontakbesonderhede van kantoor: 011 908 4941
- Finansiële navrae – rone@randhartlaer.co.za
- Administratiewe navrae – admin@randhartrakkers.co.za
- Moses is in diens van CPS en verseker die veiligheid van ons kleuters en Rakkerpersoneel.
- Die onderwyseresse is **soggens vanaf 07:00** in hulle klasse. Ons kan dus ongelukkig geen kleuter voor 07:00 ontvang nie.
- Randhart Rakkertjies beskik oor hul eie naskoolsentrum. Skakel gerus vir me. Anzél Swanepoel by naskool@rakkers.co.za vir meer inligting rakende die naskool.
- Klere, tasse en kletsboekies: Kleuters moet asseblief gemaklike selfhelp-klere aantrek. Hulle spel moet nie deur onnodige deftige of nuwe klere gestrem word nie. Rokkies is fraai, maar dan versoek ons dat 'n "ski-pant" asseblief gedra word. Ouers of voogde moet toesien dat alle klere, skoene, kosblikkies en bottels gemerk word. Alle kleuters moet elke dag 'n tas skool toe bring.
- Daar kan nie van 'n Rakkerpersoneellid verwag word om u kleuter vir buitemuurse aktiwiteite aan te trek nie.

## 13. SNOEPIE EN KOSBLIKKE

- Kos en snoepie: U moet asseblief daagliks vir u kleuter ’n gesonde kospakkie inpak (toebroodjies, Provitas, vrugte-/groentestokkies, soutkoekies, ens.).
- Die kleuters kry een keer per week die geleentheid om ons Ikitiki-snoepie op die terrein van Laerskool Randhart te besoek. U kan tussen R10 – R20 op die spesifieke dag in u kleuter se tas sit vir die aankoop van lekkers.
- Geen onderwyseres mag kontant by hulle in die klasse vir snoepiedoeleindes hou nie. Maak asseblief seker dat u wel ’n geldjie op die spesifieke dag in u kleuter se tas sit, want dit is nie lekker as u kleuter nie snoepiegeld het vir ’n lekkertjie nie.
- Suiker het ongelukkig ’n negatiewe uitwerking op die kleuters se gedrag en vordering en dit moet beperk word tot die dag wat u kleuter se klas die snoepie mag besoek. **Geen gaskoeldrank is toelaatbaar nie.**
- U is ook welkom om kos vir u kleuter by die snoepie te bestel. Die kos word persoonlik deur die snoepiepersoneel by u kleuter se klas afgelewer – u kan soggens die kontant in ’n gemerkte koevert in die houer by Rakkertjies se hek sit. Sit asseblief die korrekte bedrag geld in die koevert gemerk met die kosbestelling, kleuter se naam en die klas waarin u kleuter is. Die spyskaart word elektronies op die klasgroepe aan u gestuur.

**Snoepiedae is soos volg:**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Krappies en Vissies |
| Dinsdag | - | Zebras en Leeutjies |
| Woensdag | - | Eendjies en Pikkewyne |
| Donderdag | - | Koalas en Skapies |
| Vrydag | - | Bytjies en Sonneblomme |

## 14. KOMMUNIKASIE

- Rakkers maak gebruik van ’n WhatsApp-klasgroep om met u as ouers of voogde te kommunikeer. U sal dus gereeld boodskappe en soms PDF-briewe op die groep ontvang. Die onderwyseresse maak ook soms van ’n kletsboekie gebruik, indien daar skrywes of afskeurstrokies is wat terug skool toe gestuur moet word. U klasonderwyseres sal u in kennis stel dat die kletsboekies huis toe gestuur is. U moet asseblief die boekie die volgende dag terug skool toe stuur.
- Respekteer asseblief die personeel se familietyd en beperk boodskappe na 16:00 en voor 07:00.

## 15. RAKKERSDRAG

- Op spesiale geleenthede kry ons Rakkers die geleentheid om hul Rakkersdrag te dra.
- Ons kleuters dra dieselfde sportdrag as Laerskool Randhart. U koop die klere direk by die verskaffer aan.
- Rakkers hanteer dus **geen** navrae of gelde rakende die klere nie.
- Die kostes beloop ongeveer R400 per stel wat ’n hempie en ’n broekie insluit en daar is ook “ski-pants” (R220) wat addisioneel aangeskaf kan word.

- Kontak asseblief vir Elaine Vermaak by 082 718 6206 (Van Bergenstraat 101, Brackenhurst). U kan die klere by haar gaan aanpas en aankoop. U kan dit ook by Select Centre (Generaal Albertslaan, Randhart) aankoop.
- ŉ Skoolsweetpak is opsioneel en is op No Limits, die skool se amptelike sportdragverskaffer, se aanlynwinkel (nolimits-store.com) te koop.

## 16. VERJAARSDAE

- Kleuters mag ŉ verjaarsdagpartytjie tydens skoolure in die klas hou.
- U word versoek om die kleuter se onderwyseres vroegtydig te raadpleeg sou u advies rakende eetgoed en tye van die partytjie benodig.

## 17. FONDSINSAMELING

- Hier by Randhart Rakkertjies hou ons fondsinsamelingsfunksies ten bate van ons skool se instandhouding en vir die aankoop van opvoedkundige apparaat. Vir hierdie jaar word die volgende projekte aangegaan:

  Kwartaal 1: Jolytdag
  Kwartaal 2: Bingo-aand
  Kwartaal 3: Inkleurprojek & Konsert
  Kwartaal 4: Kaskardag

- Die nodige kommunikasie sal nader aan die tyd aan u gestuur word. Baie dankie vir u ondersteuning in die verband.

## 18. RUGBY EN NETBAL

- Alle graad R-kleuters kry blootstelling aan hierdie sportsoorte. Die oefening begin op 16 Februarie en die aktiwiteite word op die terrein van Laerskool Randhart aangebied.
- Die rugby- en netbalorganiseerders sal die nodige korrespondensie aan u stuur.

## 19. FOTO'S

- Daar word individuele-, klas-, konsert-, en gradeplegtigheidsfoto's (slegs graad R) deur die loop van die jaar geneem. Die bestelling van die foto's is nie verpligtend nie.
  - ✓ 9 tot 11 Maart – Individuele foto's
  - ✓ 1 tot 3 September – Konsertfoto's
  - ✓ 6 November – Gradeplegtigheidsfoto's (slegs graad R)
- Geen navrae of gelde word deur Rakkers hanteer nie; alle navrae kan direk aan die fotograaf gerig word.

## 20. MENEER EN MEJUFFROU RANTIE PETITE

- Die kleuters kry die geleentheid om saam met die laerskool aan hierdie geleentheid deel te neem. Meer inligting sal volg, sodra finale reëlings beskikbaar is.

## 21. SPEELGOED EN JUWELE

- Ouers of voogde moet asseblief toesien dat kleuters geen juwele en speelgoed skool toe bring nie.
- Indien kleuters dalk van die skool se speelgoed per abuis geneem het, vra ons dat u dit terug besorg.

## 22. TELEFOONOPROEPE EN BOODSKAPPE

- Indien u telefonies met u klasonderwyseres wil gesels, kan sy tussen 07:00 – 8:00 of 13:30 – 13:45 gekontak word.
- Aangesien u as ouer en ons as onderwyseresse so nou gemoeid is met die onderrig van die kleuters, vereis dit intieme samewerking tussen ouers of voogde en onderwyseresse.
- Indien daar enige probleme ontstaan, nooi ons u uit om die vrymoedigheid te neem om dit met u kleuter se onderwyseres of met die bestuurshoof van Rakkertjies te bespreek.

## 23. SKOOLVERLATERS

- Indien die kleuter die skool permanent verlaat, moet u ons asseblief skriftelik ’n kalendermaand kennis gee. U bly steeds verantwoordelik vir die betrokke kennismaand se skoolgelde.

## 24. SKOOLGELDE

Die vraag word soms gevra waarom Randhart Rakkers en Laerskool Randhart se skoolgelde nie dieselfde is nie. Graag verduidelik ons dit as volg:

- Personeelsalarisse word hoofsaaklik deur skoolgelde gefinansier.
- Kleuteronderrig is meer arbeidsintensief.
- Die kurrikulum sluit bak-en-brou in waar produkte addisioneel vir die aktiwiteit aangekoop moet word.
- Alle skryfbehoeftes en kunsvoorraad word deur die skool voorsien.
- Die Kinetix-program is ingesluit vir alle kleuters.
- Instappies is ingesluit vir alle kleuters.
- Graad R-kleuters se skryfbehoeftepakket beloop R450 en is deur die ouers of voogde betaalbaar op D6 Connect.

*LET WEL*

- Dit is belangrik om daarop te let dat u op datum met Januarie, Februarie en Maart se betalings moet wees om vir die eenmalige afslag te kwalifiseer.
- Skoolfonds is vooruitbetaalbaar en moet teen die 7de van die maand betaal wees. Maak asseblief seker dat u nie agterstallig raak met u kleuter se skoolgeld nie.

- Agterstallige skoolgelde kan lei tot regsaksie en u naam kan op die databasis van TransUnion Nasionale Databasis en ander kredietburo's verskyn wat u kredietwaardigheid negatief kan beïnvloed.
- Skoolgeldstate word op 'n maandelikse basis per e-pos aan u gestuur en dit is ook beskikbaar op die D6 Connect-toepassing.
- Indien u enige navrae het, kan u dit gerus e-pos aan: rone@randhartlaer.co.za

| **SKOOLGELDE VIR 2026** | | | |
|---|---|---|---|
| | **1ste kleuter** | **2de kleuter** | **3de kleuter** |
| Skoolfooie **per maand** (Januarie – November) | R28 005,00 | R25 205,00 | R22 404,00 |
| **Eenmalige** betaling voor /op 7 April 2026 (korting ingesluit) | R25 205,00 | R22 405,00 | R19 604,00 |
| Maandeliks x 11 paaiemente | R2 546,00 | R2 292,00 | R2 037,00 |
| ***VERWYSINGSNOMMER:*** ***GEBRUIK ASSEBLIEF DIE REKENINGVERWYSINGSNOMMER AAN DIE LINKERKANT VAN U STAAT VIR ALLE INBETALINGS*** | | | |

Bankbesonderhede is soos volg:

| | |
|---|---|
| Naam van rekening: | Laerskool Randhart |
| Soort rekening: | Tjekrekening |
| Bank: | Absa, Alberton |
| Rekeningnommer: | 210-516-328 |
| Takkode: | 632-005 |
| Verwysing: | Rekeningnommer aan die linkerkant van u staat asook u kleuter se van |

## 25. INSTAPPIES

*LET WEL*: GEEN GELDE IS BETAALBAAR VIR INSTAPPIES NIE

**Eerste kwartaal**
- Vrydag, 20 Februarie – Pizza
- Woensdag, 4 Maart – Beebee die by

**Tweede kwartaal**
- Dinsdag, 21 April – Eduvet
- Dinsdag, 5 Mei – Reptiele Eco Pilot

**Derde kwartaal**
- Donderdag, 18 Junie – Grow @ Eduplus
- Dinsdag, 4 Augustus – What Whalrus

**Vierde kwartaal**
- Donderdag, 5 November – Poppekas
- Woensdag, 2 Desember – Kerspartytjie

## 26. EISTEDDFOD

- Randhart Rakkertjies neem jaarliks aan die Albertonse Eisteddfod deel deur vir items soos voordrag, kuns en spreekkoor in te skryf.
- Graad R-leerders word uitgenooi om aan Laerskool Randhart se Kunsfees deel te neem.
- Kleuters word aangemoedig om op kultuurvlak deel te neem en 'n liefde daarvoor te ontwikkel.

## 27. INTERNE TERAPEUTE

- Arbeidsterapie: Die doel van arbeidsterapie is om die kind op hulle hoogste vlak van funksionering te kry. U onderwyseres sal 'n vergadering met u reël om die aanbeveling te doen, indien nodig.
- Spraakterapeut: Wanneer u kind sekere spraakuitdagings ondervind, is hy/sy beslis 'n kandidaat vir spraakterapie. U onderwyseres sal 'n vergadering met u reël om die aanbeveling te doen.
- Little Readers: Amoré Goosen bied ondersteuning aan voorskoolse- en laerskool-leerders in Afrikaans en verseker 'n stresvrye leesomgewing propvol pretaktiwiteite.
- Alle terapie vind tydens skoolure plaas en die kostes word deur die ouer of voog betaal. Die terapeute het 'n lokaal op Laerskool Randhart se terrein en die kleuters word gedurende skoolure vir terapie geneem.

Terapeute se kontakbesonderhede is soos volg:

| DIENS | NAAM VAN VERSKAFFER | TELEFOONNOMMER |
|---|---|---|
| Arbeidsterapeut | Marelize vd Schyf<br>Susan Badenhorst | 079 394 8237<br>083 459 2376 |
| Disleksie spesialis | Helena Joubert | 083 613 1723 |
| Opvoedkundige sielkundige | Iona Kotze<br>Talita Veldman<br>Elaine Clarke | 082 887 1419/011 869 9897<br>084 260 3320/011 869 1200<br>083 469 3355 |
| Spelterapeut | Donnica Loots<br>Lizelle van Jaarsveld<br>Marjoneke de Bruin | 071 812 0973<br>083 308 2619<br>072 564 4967 |
| Spraakterapeut | Rusanli Venter<br>Beulah Liebenberg | 068 275 9581<br>082 462 7571 |
| Berader | Mickayla Jansen | 079 376 9167 |
| Little Readers | Amoré Goosen | 084 665 8798 |

## 28. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- 'n Groot verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite word tydens die kleuters se buite speeltyd teen addisionele koste deur onafhanklike verskaffers aangebied.
- Hierdie aktiwiteite is nie verpligtend nie, maar dra by tot die kleuter se holistiese ontwikkeling.
- Verskeie sportaktiwiteite soos rugby, gholf, tennis, gimnastiek, Playball, drama, stoei, rekenaars, dans, wiskunde, wetenskap en lees word aangebied.

Aanbieders / Afrigters se kontakbesonderhede is as volg:

| AKTIWITEIT | NAAM | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|
| Abacus Maths | July-Ann Scholtz<br>Adri Kriel | 082 455 7607<br>082 708 0200 |
| Babbelbekkies drama | Alta Mitton | 083 453 1782 |
| Computer Kidz | Ilana Geldenhuys | 083 521 1559 |
| Dance Mouse | Carla Erasmus | 072 604 5359 |
| Experi-Maatjies | Lee-Ann Stander | 079 070 6530 |
| Golf Academy | Rendum Venter | 072 226 0046 |
| Kinetix Kids | Jason Sanders | 066 306 6024 |
| Kumon Maths | Jomandie Taljaard | 084 989 3031 |
| Playball | Odette Calitz | 072 602 1137 |
| Rugga kids | Walter Minnaar<br>Sybrand Erwee | 072 861 6028<br>061 623 6441 |
| Tiny Twisters | Priscilla Holroyd | 082 930 7526 |
| Tennis | Pinki Montlha<br>Janet Jooste | 065 267 7548<br>082 385 1773 |
| Little Readers | Amoré Goosen | 084 665 8798 |
| Ruimte-lesers | Jodi Brits | 079 824 2770 |
| Stoei | Lezandri Zandberg | 066 288 0983 |

ʼn Splinternuwe swemskool in Raystraat word tans deur die Beheerliggaam as ʼn buitemuurse aktiwiteit oorweeg en inligting sal binnekort na goedkeuring aan u deurgegee word.

## 29. KINETIX-PROGRAM

- Randhart Rakkertjies bied Kinetix as deel van die kurrikulum aan. Kinetix is ʼn fisiese ontwikkelingsprogram wat bestaan uit ʼn senso-motoriese en perseptuele oefen-program. Die program is daarop gerig om leeruitvalle te identifiseer en moontlike vermindering en uitskakeling daarvan te bewerkstellig.
- Die kleuters het gereelde en baie oefening nodig om die grootspiere van die liggaam te ontwikkel. Maak asseblief seker dat u kleuter gemaklike klere of hul Rakkersdrag op die dag wat hulle Kinetix het aantrek.

Die rooster is soos volg:

Maandag - Koalas en Skapies
Dinsdag - Bytjies en Leeutjies
Woensdag - Eendjies, Sonneblomme en Pikkewyne
Donderdag - Krappies, Zebras en Vissies

## 30. ONDERRIG IN TEMAS

- Daar word deurgaans van tema-onderrig gebruik gemaak. Op hierdie wyse word vaslegging van begrippe en konsepte vir die kleuter vergemaklik.
- Ons deel graag die temas vir die hele jaar, sodat u as ouer ook betrokke kan raak en hulp verleen soos en wanneer nodig.
- Sien die temas vir 2026 op die volgende bladsy.

| TEMAS – KWARTAAL 1 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Graad R** | **Graad 00 & 000** |
| 14 – 16 Januarie | Aanpassing | Aanpassing |
| 19 – 23 Januarie | Ek is belangrik | Ek is 'n Rakker |
| 26 – 30 Januarie | Ek is belangrik | Ek is 'n Rakker |
| 2 – 6 Februarie | Gesonde leefwyse | Higiëne, sintuie en klere |
| 9 – 13 Februarie | Gesonde leefwyse | Higiëne, sintuie en klere |
| 16 – 20 Februarie | Kos | My huis en familie |
| 23 – 27 Februarie | Kos | My huis en familie |
| 2 – 6 Maart | Somer | Gesonde leefwyse |
| 9 – 13 Maart | Somer | Gesonde leefwyse |
| 16 – 20 Maart | Assessering | Assessering |
| 23 – 27 Maart | Rapporte / skool sluit | Rapporte / skool sluit |

| TEMAS – KWARTAAL 2 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Graad R** | **Graad 00 & 000** |
| 8 – 10 April | Wonings | Herfs, winter en bome |
| 13 – 17 April | Wonings | Herfs, winter en bome |
| 20 – 24 April | Wonings | Herfs, winter en bome |
| 27 April – 1 Mei | My familie | Tandarts, dokter en hospitaal |
| 4 – 8 Mei | My familie | Tandarts, dokter en hospitaal |
| 11- 15 Mei | Weer / Winter | Brandweer en polisie |
| 18 – 22 Mei | Weer / Winter | Brandweer en polisie |
| 25 – 29 Mei | Sintuie | Padveiligheid - Vervoer |
| 1 – 5 Junie | Sintuie | Padveiligheid – Vervoer |
| 8 – 19 Junie | Assessering | Assessering |
| 22 – 26 Junie | Rapporte / skool sluit | Rapporte / skool sluit |

| TEMAS – KWARTAAL 3 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Graad R** | **Graad 00 & 000** |
| 21 – 24 Julie | Vervoer | Troeteldiere |
| 27 – 31 Julie | Mense wat ons help | Wilde diere / voëls |
| 3 – 7 Augustus | Mense wat ons help | Wilde diere / voëls |
| 10 – 14 Augustus | Plante / water | Dag /nag / ruimte |
| 17 -21 Augustus | Plante / water | Dag / nag / ruimte |
| 24 – 28 Augustus | Kommunikasie | Lente en somer |
| 31 Augustus – 4 September | Kommunikasie | Lente en somer |
| 7 – 11 September | Assessering | Assessering |
| 21 -23 September | Rapporte / skool sluit | Rapporte / skool sluit |

| TEMAS – KWARTAAL 4 | | |
|---|---|---|
| **Datum** | **Graad R<br>Deurlopende assessering** | **Graad 00 & 000<br>Deurlopende assessering** |
| 6 – 10 Oktober | Diere | Ons land |
| 12 – 16 Oktober | Diere | Ons land |
| 19 – 23 Oktober | Boeke | Brood en water |
| 26 – 30 Oktober | Boeke | Brood en water |
| 2 – 6 November | My land | Kersfees |
| 9 – 13 November | My land | Kersfees |
| 16 – 20 November | Ek gaan Graad 1 toe | Vakansie |
| 23 – 27 November | Ek gaan Graad 1 toe | Vakansie |
| 30 November – 4 Desember | Assessering | Assessering |
| 7 – 9 Desember | Rapporte / skool sluit | Rapporte / skool sluit |